



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

NOVEMBER 2011

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos vervat in die riglyndokument, gebaseer is:

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989?

- Op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika

VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?

- Gevallestudie: Egipte

VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA AS 'N DEMOKRASIE UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's NA VORE GETREE?

VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN KYK NA DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP SUID-AFRIKA GEHAD?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

- 1.1 Verwys na Bron 1A.
- 1.1.1 Definieer die begrip *glasnost* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe *glasnost* die regering van die Sowjetunie beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 1.1.3 Waarom, dink jy, het Gorbachev probleme met *glasnost* ervaar, soos in die bron uitgebeeld word? (2 x 2) (4)
- 1.2 Bestudeer Bron 1B. Verduidelik waarom dit in 1984 vir die komitee noodsaaklik was om 'n reeks vrae te formuleer. (2 x 2) (4)
- 1.3 Raadpleeg Bron 1C.
- 1.3.1 Watter faktore het De Klerk aangespoor om tot ingrypende hervormingstappe oor te gaan? (2 x 1) (2)
- 1.3.2 Waarom, volgens die inligting in die bron, was dit veilig om die verbod op die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party op te hef? (1 x 2) (2)
- 1.4 Gebruik die bewyse in Bron 1B en 1C en lewer kommentaar op hoe die val van die Berlynse Muur die ANC se besluit om met die Nasionale Party-regering te onderhandel, beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 1.5 Gebruik Bron 1D.
- 1.5.1 Watter boodskap wil Sparks graag oor De Klerk se rol in die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika oordra? (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Wat is die onderdrukkende stelsel waarna Sparks verwys? (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Verduidelik tot watter mate jy met Sparks se stelling sou saamstem: 'Daar kan nie perestroika wees nie, slegs afskaffing.' (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Lewer kommentaar daarop of De Klerk sou saamstem met die wyse waarop hy in die bron beskryf is. (1 x 3) (3)
- 1.6 Verwys na Bron 1C en 1D. Kies en verduidelik watter EEN van die twee bronne jy as die bruikbaarste sou beskou as jy moes skryf oor die invloed wat Gorbachev se beleide op De Klerk gehad het. (2 x 2) (4)

- 1.7 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe glasnost en perestroika die weg gebaan het vir samesprekings tussen die Nasionale Party-regering en die ANC. (8)
- 1.8 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.8.1 OF VRAAG 1.8.2.
- 1.8.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR Suid-Afrika se politieke toekoms beïnvloed het. (30)
- OF**
- 1.8.2 Die ANC het geglo dit was hulle eie strategie, en nie die invloed van Gorbachev en De Klerk nie, wat apartheid in Suid-Afrika beëindig het.
- Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik die bronne en jou eie kennis en bespreek hierdie stelling krities. (30)
[75]

VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE BYGEDRA TOT DIE HERVOORSTELLING VAN EGIPTEN IN DIE 1990's?

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Waarom, volgens Perspektief 1, was daar 'n afname in finansiële hulp aan Afrika? (2 x 2) (4)
- 2.1.2 Identifiseer TWEE organisasies waar Afrika-lande vir lenings kon aansoek doen. (Perspektief 1) (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die verskil tussen die Westerse en die Sowjet- ekonomiese beleide. (Perspektief 1) (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Watter rede gee Arnold vir die finansiële sekuriteit van Egipte? (Perspektief 1) (1 x 1) (1)
- 2.1.5 Gebruik die inligting in Perspektief 2 en jou eie kennis en verduidelik die verskille tussen die begrippe *sosialisme* en *vrye mark*. (2 x 2) (4)
- 2.1.6 Lewer kommentaar daarop of die beperkings wat deur die internasionale finansiële organisasies op Egipte opgelê is, geregverdig was. (Perspektief 2) (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

- 2.2.1 Beskryf, in jou eie woorde, hoe Mubarak Egipte regeer het. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Watter faktore, dink jy, het daartoe bygedra dat die lewenstandaarde in Egipte gedaal het? (2 x 1) (2)
- 2.2.3 Verduidelik op watter maniere die val van die Sowjetunie die volgende beïnvloed het:
- (a) Welgestelde Egiptenare
- (b) Die meerderheid Egiptenare (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

- 2.3.1 Watter kommentaar lewer die spotprenttekenaar op hoe Mubarak Egipte regeer het? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Verduidelik of die spotprent 'n akkurate uitbeelding is van hoe Mubarak Egipte geregeer het. (2 x 2) (4)

- 2.3.3 Verduidelik tot watter mate hierdie bron bruikbaar sou wees vir 'n geskiedkundige wat navorsing doen oor die impak wat die ineenstorting van die Sowjetunie op Egipte gehad het. (2 x 2) (4)
- 2.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die implementering van liberale ekonomiese beleide tot 'n ongelyke samelewing in Egipte gelei het. (8)
- 2.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.5.1 OF VRAAG 2.5.2.
- 2.5.1 Bespreek hoe die ineenstorting van die USSR bygedra het tot die hervoorstelling van Egipte in die 1990's. (30)
- OF**
- 2.5.2 Die einde van die Koue Oorlog het 'n nuwe era in die geskiedenis van Egipte tot gevolg gehad.
- Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou argument deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
- [75]**

VRAAG 3: HOE HET DIE ONDERHANDELINGSPROSES DIE WEG GEBAAAN VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA?

Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

- 3.1.1 Waarom, volgens die geskrewe bron, is die eerste formele samesprekings tussen die Nasionale Party-regering en die ANC gehou? (1 x 1) (1)
- 3.1.2 Noem TWEE ondernemings waaroor beide die ANC en die Nasionale Party by Groote Schuur ooreengekom het. (Geskrewe bron) (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Verduidelik die betekenis van die werkgroep wat by die Groote Schuur-ontmoeting aangewys is. (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Beskryf hoe die inligting in die geskrewe bron die visuele bron ondersteun met betrekking tot die aanvanklike onderhandelingsproses tussen die ANC en die Nasionale Party. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

- 3.2.1 Waarom, volgens Rich Mkhondo, was dit belangrik om die konvensie by te woon? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Verduidelik waarom beide Mandela en De Klerk as sleutelfigure by KODESA beskou is. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 3.2.3 Lewer kommentaar daarop of die KODESA-embleem sy bedoeling voldoende weerspieël. (Visuele bron) (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C.

- 3.3.1 Waarom, volgens Roelf Meyer, was die onderhandelingsproses 'n sukses? (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die uitdagings wat op die leiers tydens die onderhandelingsproses gewag het. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Watter faktor het daartoe aanleiding gegee dat die Nasionale Party sy denke met betrekking tot onderhandelings verander het? (1 x 2) (2)

- 3.3.4 Verduidelik hoe die volgende sou reageer op die verandering in die Nasionale Party se besluit om met die onderhandelingsproses te begin:
- (a) Regsgesinde Suid-Afrikaners
 - (b) Swart Suid-Afrikaners (2 x 2) (4)
- 3.4 Vergelyk Bron 3B en 3C. Verduidelik die beperkings wat hierdie bronne inhou vir 'n geskiedkundige wat die veelpartysamesprekinge by KODESA bestudeer. (2 x 2) (4)
- 3.5 Gebruik die inligting in AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Groote Schuur-minuut die grondslag vir die onderhandelingsproses gelê het. (8)
- 3.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.6.1 OF VRAAG 3.6.2.
- 3.6.1 Bespreek hoe die onderhandelingsproses vanaf 1990 tot 1994 tussen die verskeie rolspelers die weg gebaan het vir 'n demokratiese Suid-Afrika. (30)
- OF**
- 3.6.2 Dit was optimisme, hoop en verbintenis van alle Suid-Afrikaners wat in 1994 tot die geboorte van 'n nierassige, demokratiese Suid-Afrika gelei het.
- Stem jy met hierdie stelling saam? Bespreek deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
[75]

VRAAG 4: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE GEHANTEER?

Gebruik Bron 4A, 4B en 4C om die vrae wat volg te beantwoord.

- 4.1 Verwys na Bron 4A.
- 4.1.1 Noem TWEE maniere waarop Dullah Omar die vrese van Afrikaners besweer het. (2 x 1) (2)
- 4.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en definieer die volgende begrippe:
- (a) Versoening
(b) Menseregte (2 x 2) (4)
- 4.1.3 Waarom, dink jy, is Aartsbiskop Tutu en Alex Boraine gekies om die WVK te lei? (2 x 2) (4)
- 4.1.4 Verduidelik hoe die WVK sy werk gedoen het. (2 x 2) (4)
- 4.2 Gebruik Bron 4B.
- 4.2.1 Wat het Frances Reid gemotiveer om die film *Long Night's Journey into Day* te vervaardig? (1 x 1) (1)
- 4.2.2 Verduidelik, in jou eie woorde, wat Reid wou hê kykers moes doen nadat hulle die film gekyk het. (2 x 2) (4)
- 4.2.3 Lewer kommentaar daarop of die vervaardiging van hierdie film 'n doeltreffende manier was om die ondervindings van die slagoffers vas te vang. (2 x 2) (4)
- 4.3 Bestudeer Bron 4C.
- 4.3.1 Hierdie spotprent het in 1998 in die *Mail & Guardian* verskyn. Waarom, dink jy, is dit op hierdie tydstip gepubliseer? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Verduidelik of die spotprenttekenaar die werk van die WVK akkuraat vasgevang het. (2 x 2) (4)
- 4.3.3 Beskryf waarom die spotprenttekenaar visuele elemente, soos die beker, been, buiteband en kopbene gebruik het om sy boodskap oor te dra. (2 x 2) (4)
- 4.4 Gebruik Bron 4B en 4C asook jou eie kennis. Kies en verduidelik watter EEN van die twee bronne jy sou oorweeg as die bruikbaarste om oor die WVK te skryf. (2 x 2) (4)

4.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die werk van die WVK evalueer. (8)

4.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.6.1 OF VRAAG 4.6.2.

4.6.1 Bespreek hoe die WVK probeer het om Suid-Afrika se verdeelde verlede te hanteer. (30)

OF

4.6.2 Die WVK was 'n heksejag en het versoening onmoontlik gemaak.

Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel waarin jy die akkuraatheid van die stelling evalueer. (30)
[75]

TOTAAL: 150